

3 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 7:53-8:29

Fokusgedeelte: Johannes 8:10,11

‘n Verlore dogter word vergewe

Vir die eerste keer praat Johannes oor die Skrifgeleerdes. Hier wil hulle saam met die Fariseërs vir Jesus 'n strik stel om Hom te kan aankla. As Hy sou sê dat die owerspelige vrou gestenig moet word, oortree Hy die Romeinse wet en as Hy sê dat hulle haar moet laat gaan, dan oortree Hy die wet van Moses (Lev 20:10). Maar die Here Jesus weet, hierdie manne wat die vrou wat die sewende gebod oortree veroordeel, oortree self die sesde gebod. Hulle beplan om Hom dood te maak. As jy veroordeel, stel jy jou bloot aan veroordeling. As Jesus hulle dan met Goddelike wysheid antwoord, dan loop hulle met 'n vuil gewete weg.

Nou is die wonderlike dat die vrou nie ook stilweg verdwyn nie. Sy kon as sy wou, maar Jesus se liefde hou haar vas. "Mevrou ...Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?" "Niemand nie Here, sê sy". Dan sê Jesus: "Ek doen dit ook nie". Keur Hy haar sonde goed? Nee, Hy vergewe haar, maar sê :..moet van nou af nie meer sonde doen nie". Hy is immers haar Here en ook ons Here. Ja, Hy is die lig vir die wêreld (vers 12). Hy sou aan die kruis verhoog word (vers 28) as ons Verlosser. Só sal almal weet dat Hy is wat Hy is (Eks 3:4).

Sing: Psalm 32:1,6

Ds J Venter (Emeritus)